

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
6 Augustus 1978

Onderwerp: Algehele ontaarding

Lees: Psalm 82

Teks: Psalm 82 vers 5

Sing: Gesang 7 verse 1 en 4
Gesang 75 verse 3 en 5

“Paulus skryf aan Timótheüs: ‘Dit is ’n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek die vernaamste is.’ (1 Tim 1:15)

“Alhoewel dit vir Paulus ook ’n persoonlike belydenis was, het dit ’n universele waarheid bevat wat die wêreld in sy fondament geskud het: Dat Jesus Christus in die wêreld gekom het om sondaars te red. Dit troon as historiese feit bo ál die geloofswerke van alle tye, eeue wat verby is, sowel as die wat nog moet kom.

“Maar Broers en Susters, hierdie geweldige waarheid kan nie tot sy reg kom, tensy ons ook rekening hou met ’n ander waarheid nie. Die ganse wêreld het vanweë die sonde in ’n tragiese, algehele ontaarding verval. As gevolg daarvan het die juiglied van hierdie aarde tot eer van die Skepper tot swye gekom. Die aarde se fundamente is besig om te wankel. Dit was die slotsom waartoe die Psalmdigter gekom het toe hy die handelswyse van die mensekinders beskou het. Dit is die mens se skuld dat die wêreld in hierdie toestand is. Dit is die goddelose mens wat in die duister rondloop en die handewerk van God oënskynlik in sy fundamente aantast. Dit is die mens wat sy kragte teen die HERE en sy Gesalfde monster: ‘Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge?’ (Ps 2:1)

“Wie kan ontken dat die wêreld in die mag van die Bose is; en dat hierdie grootse handewerk in barensnood sug tot nou toe? Iets het radikaal verkeerd geloop met die skepping. Iets het met verreikende gevolge misluk.

“Die ware oorsaak van die haglike toestand waaronder die skepping gebuk gaan, sal ons nie in uiterlike simptome vind nie. Nee, ons sal die oorsaak

van die kwaad veel dieper, in die wortel, moet gaan soek. Dan sal ons ook die uiterlike gedaante in die regte lig sien.

“Daarvoor moet ons vóór begin:

“Die mens was beelddraer van God en deelgenoot van God se kennis, geregtigheid en heiligheid. Hy was deur God begenadig om sedelik vry te wees en God te verheerlik. Maar die mens het sy vryheid verkeerd gebruik. Hy het onder die fluisteringe van die duivel, sy hand uitgesteek na wat God in sy alwysheid van hom weerhou het. Die duivel het die mens aangespoor om in te dring in die kennis van God, om te probeer weet wat die Skepper weet. En vir hierdie ‘kennis’ het die kroon van God se skepping sy reine onskuld vir sy eie ondergang verruil.

“Dit was nie kennis van die goeie nie, dit het hy in sy volmaakte skepping reeds besit, maar kennis van die kwaad. Hierdeur het hy kontak gemaak met die vernietiger van sy siel, wat hom sy kennis laat inspan het om die kwaad te bemin en na te jaag.

“Broers en Susters, kennis van die kwaad bied vir die gevalle mensekind geen beskerming en beveiliging teen daardie kwaad nie. Dink maar aan dans, dobbel, drankmisbruik, ensovoorts. Dit lei die mens nooit na die soewereine goeie nie. Sodoende sal die kwaad altyd die oorhand kry, omdat daar geen bewuste stryd daarteen gevoer word nie.

“Kom ons kyk na die eerste mensepaar. Ja, daar vroeg in die geskiedenis van die wêreld het iets radikaal verkeerd geloop. Van die eerste twee mense lees ons: ‘En hulle was al twee naak, die mens en sy vrou, maar hulle het hul nie geskaam nie.’ (Gen 2:25)

“Maar ná die sondeval was dit anders. Die mens se antwoord toe God hom geroep het, was skokkend: ‘Waar is jy? En hy antwoord: Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg.’ (Gen 3:9,10) Die mens en sy vrou het nie meer die ongeskonde gemeenskap met God gesoek nie, maar van Hom af weggevlug!

“Iets het ingrypend met God se skepping skeef geloop. Deur die val en ongehoorsaamheid van Adam en Eva is ons almal deur sonde-ontaarding getref. Wat Paulus geskryf het, is waar: ‘... want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God.’ (Rom 3:23)

“Die beste het inderdaad die slegste geword. Kennis tot die lewe het ontaard in onkunde tot die dood. Die mooiste wat God gemaak het, het in ’n jammerlike

ontaarding verval. Die mens, die kroon van God se skepping, was deur die eeue heen op die voorpunt van hierdie ontaarding.

“Broers en Susters, ons mag ons nie op die oppervlakkige wêreldverskynsels blind staar nie. Nee, die groot verbreking waarmee ons elke dag te doen het, het sy wortels in die verbreking van die band wat die mens aan God verbind. Die kwaad is gesetel in die hart. Die mens het deur sy innerlike ontaarding van God weggebreek. Hy het sy hart, waar die uitgange van die lewe is, vir die duiwel geleen. Die eertydse heiligdom het ’n rowerspelonk geword wat sondige begeertes huisves en heimlik teen God gerig is. En hierdie verborge leuen openbaar hom in opstand, valsheid, verberging en bedrog. Eers wanneer ons dieper as die oppervlak kyk, sal ons die uiterlike tekens van hierdie algehele ontaarding verstaan.

“So, hoe lyk hierdie uiterlike tekens?

“Die mond wat God moet prys, vloek Hom. Die verstand wat die kennis van God moet vermeerder, word teen God ingespan. Die voete wat geskoei moet wees om die Evangelie uit te dra, wandel in die raad van goddeloses en staan op die weg van die sondaar. Insteede dat tot God gebid word, word daar gehoop op die dobbelhuis.

“God het die mens as ’n eensgesinde wese geskep, maar die sonde het verdeeldheid gebring. Die eenheid tussen die mens en God het in die mens ontaard in ’n verset teen sy Maker. Ons moet in doemwaardigheid ons skuld voor God erken.

“Laat ons kennis neem van hierdie uiterlike manifestasies van die kwaad, omdat hulle ons roep tot besinning en inkeer.

“Die juiglied in God se skepping het ’n gejammer geword. Die juiglied is verplaas met ’n vraag: Hoe lank nog, Here?

“Die goeie kan ons dus nie in die oue mens vind nie. Die wesenlike goeie in ons, het ons alleen te danke aan die soenverdienste van Jesus Christus. Buite die genade van God word niemand ’n beter skepsel nie, maar neem die kwaad steeds toe. En die kwaad vererger soos die jare toeneem.

“Die geskiedenis van die oorsprong van alle dinge is van die mooiste en sinrykste in die Woord van God. Die waarheid van God se eiendoms- en beskikkingsreg oor sy handewerk is aangrypend. Asook dat God gelowiges in ’n besondere verhouding met Hom geplaas het deur die soenverdienste van Jesus Christus.

“Die groot voorregte van gelowiges gaan gepaard met groot verantwoordelikhede teenoor God wat hulle geskape het. Maar helaas, die onvermoë om hierdie verantwoordelikhede tot eer van God na te kom, is nog altyd ons groot skuld voor God.

“Goddank, die daeraad van ’n nuwe dag is aan die kom. God sal reg doen aan sy uitverkorenes, wat dag en nag tot Hom roep. Niks is vir God onmoontlik nie. As ons dan in gebed dag en nag tot Hom roep, sal Hy verhoor.

“Dawid het reeds daardie lig gesien toe hy die goddeloosheid van die mens beskryf het: ‘Dáár het skrik hulle oorweldig, want God is by die regverdige geslag.’ (Ps 14:5) Ja, die regverdige geslag is daar, danksy die verlossende genade van God.

“Hierdie genade word verwesenlik in ’n wedergebore hart en in die herstel van die geskonde verhouding van die mens tot sy God. En dit, Broers en Susters, is die pad terug na die verlore paradys.

“Amen.”